# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerke Orania & Alma (Los van GKSA) April 2024**


**Eredienstye**
**Sondae: Oggend: 10:00. Aand: 18:00.**

**Katkisasie**
**Sondae: 9:00**


**Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania**
**Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za**


***Skrifoordenking***

# Institusie van die Christelike Godsdiens Deel 3 Hfst.3

Johannes Calvyn

## DEUR DIE GELOOF WORD ONS WEERGEBORE; 'N BEHANDELING VAN BEROU

***Onvergeeflike sondes***

**25 *Ware berou en skynheilige berou*** (bl.802,803)

Aangesien die apostel egter verklaar dat God nie met geveinsde berou versoen kan word nie, ontstaan die vraag tog hoe Agab genade kon kry en hoe hy die straf wat oor hom uitgespreek is, kon afwend (1 Kon 21:28-29). Soos uit die res van sy lewensloop blyk, is hy tog nie deur skielike angs platgeslaan nie. Hy het wel 'n sak aangetrek en as oor hom gestrooi; hy het op die grond gaan lê (1 Kon 21:27), en, soos daar van hom getuig word, het hy hom voor God verootmoedig. Dit was egter van weinig waarde dat hy sy klere geskeur het, aangesien sy hart halstarrig en met boosheid opgeblaas was. Tog sien ons hoe God (in sy geval) tot sagmoedigheid beweeg word.

My antwoord is dat geveinsdes soms vir 'n tydjie sò vergewe word dat die toorn van God nogtans altyd oor hulle hang en dat dit nie om hulle ontwil nie maar as 'n algemene voorbeeld gebeur. Want watter voordeel het Agab daaruit behaal dat sy straf versag is anders as net dat hy die straf nie gevoel het terwyl hy nog op aarde geleef het nie? Hoewel God se vloek oor hom verborge was, was dit wel deeglik in sy huis gevestig. Hy het self egter na die ewige verderf gegaan. Ons kan dieselfde ook in die geval van Esau sien. Hoewel hy immers verwerp is, is 'n tydelike seën nogtans vanweë sy trane aan hom toegestaan (Gen.27:40). Omdat die geestelike erfdeel volgens God se uitspraak slegs in die hande van een van die broers kon berus, is Esau oor die hoof gesien en Jakob uitverkies. Sy verwerping het God se barmhartigheid so uitgesluit (Gen.27:28).

Soos ek so pas gesê het, is dit ook die rede waarom ons na die voorbeeld van ander moet verwys, sodat ons kan leer om ons gesindheid en ons ywer vuriger op opregte berou te rig. Daar kan troues geen twyfel daaroor bestaan dat God die mense wat hulle waarlik en van harte bekeer het, maklik sal vergewe nie, omdat Hy Sy genade selfs tot mense wat dit nie verdien nie, uitbrei wanneer hulle maar net die een of ander misnoë in hulself toon. In dieselfde werk word ons ook geleer hoe verskriklik die oordeel is wat op alle weerbarstiges wag vir wie dit 'n spelletjie is om onbeskaamd en met yster harte God se dreigemente in die wind te slaan en as iets waardeloos te beskou. So het Hy Sy hand dikwels na die kinders van Israel uitgestrek om hulle teenspoed te verlig hoewel hulle geroep na Hom geveins en hulle harte dubbelsinnig en vol wantroue was. So kla Hy self in die psalm daaroor dat hulle onverwyld na hulle ou geneigdheid teruggekeer het (Ps.78:36,37,57). So wou Hy hulle met vriendelike toegeneentheid tot ernstige bekering bring of alle verontskuldiging van hulle af wegneem. Hoewel Hy hulle straf 'n tydjie uitstel, lê Hy Homself tog nie 'n ewige wet op nie; inteendeel, Hy tree dikwels strenger op teen geveinsdes en Hy verdubbel hulle straf sodat daaruit duidelik kan blyk hoe 'n groot misnoë Hy in geveinsdheid het.

Soos ek vroeër gesê het, gee Hy egter ook blyke van Sy bereidwilligheid om genade te verleen, sodat godvrugtige mense daardeur aangewakker kan word om hulle lewe te verbeter en sodat diegene wat voortdurend teen hierdie prikkels skop, swaarder veroordeel kan word.

* * * * * * * *

## Van die kerkraad se tafel

**Orania:** Daar is ooreengekom dat die Dordt-Nuus die mondstuk van die Orania en Alma gemeentes sal wees. Aangesien sake oor hoe dit tegnies sal uitspeel nog nie gefinaliseer is nie, sal die Dordt-Nuus voorlopig soos in die verlede voortgaan met Orania en Alma se seënbede ens apart.

**Seënbede**
**Verjaardae:** Alles wat goed is word aan die volgende br's & sr's toegewens wat in Maart & April verjaar. Mag julle in die komende jaar die Here se seën ryklik ervaar:
**Orania: Maart:** Die tweeling Pieter jnr & Alet Marx die 18[de]; Christie Marx die 26[ste] ; Cara Tomlinson die 27[ste; ;] Frans Marx jnr die 29[ste] ;..**April:** Johan van Vuuren 8ste; Gerhard Strauss 9de; Sunelle Marx 16de en Jana Tomlinson 29ste.
**Alma**: **Verjaarsdae: Maart:** Thea de Villiers 27 ste; Lisa Vorster die 31[ste] .
Mag julla almal ryklik die seën van die Here in die jaar wat voorlê, ervaar.
**Huweliksherdenking:** die volgende br's & sr's word hartlik gelukgewens met hulle huweliksherdenking:
**Orania: Maart**: Br & sr. Gerhard en Carien Strauss 4de. **April:** br & sr Gerd & Jeanette Erasmus 6de en Philip en Maritza Nothnagel 10de.

* * * * * * * *

## Lief en leed

**Orania: Siekte**: Br Daniel du Toit is die laaste tyd baie moeg. Die kardioloog het 'n verstelling aan sy pasaangeeër gemaak en ons vertrou dat die Here binnekort beterskap sal gee. Sr. Rinie se oë is weer ingespuit en ons is dankbaar dat dit lyk asof dit positiewe gevolge het.
**Oorsee:** br. Lindenberg Tomlinson wag net vir sy visum dan vertrek hy na Amerika om vir 'n tyd lank daar te werk. Ons wens hom alle voorspoed toe en die Here se seën op sy onderneming.
**Alma:** Br. Boeta Erasmus laat weet: Die gemeente gaan binnekort hulle kerkgeboutjie se dak wit verf om bietjie verligting van die hitte te kry. Sondae hou hulle hulle eredienste waarin die ouderlinge om die beurt voorgaan. Al die kinders leer fluks aan hulle katkisasiewerk. Daar kom so stadigaan orde op sake in die gemeente. Daar is ook 'n bankrekening geopen vir die diens van barmhartigheid en die kerkkas. Almal is nog gesond en fiks.

* * * * * * * *

# Betekenis van die woord Evangelie

Prof. A.S. Geyser

Die naam *evangelie* kom van 'n Griekse woord wat oorspronklik die loon aangedui het wat die brenger van 'n goeie boodskap ontvang het. Later word dit die naam vir die boodskap self. Aan die begin van ons jaartelling het dit al 'n godsdienstige betekenis gekry en het dit in heidense kringe veral woorde en dade van die vergoddelikte keiser beskryf.

In die Griekse vertaling van die Ou Testement, die sg. Septuagint, wat so 'n groot invloed op die taalgebruik van die Nuwe Testament uitgeoefen het, neem dit ook 'n godsdienstige betekenis aan, maar van 'n geheel en al ander soort: daar dui *evangelie* aan die nabye vervulling van die belofte van die heerskappy van die Messias (Jes.40:9; 52:7; 61:1; Nah.1:15). Daarom noem Mark.1:1 die beskrywing van die koms en optrede van Jesus Christus: *die evangelie van Jesus Christus.* En Johannes die Doper en Jesus self noem die vervulling van die belofte van God in die persoon van Christus: *die evangelie van die koninkryk*, Mark.1:14; Luk.3:18; Matt.4:23; 9:35. Die voortgesette prediking van die vervulling van die heilsbeloftes van God heet ook *evangelie,* Matt.24:14; 26:13. Paulus kan daarom sy Christusprediking ook met daardie naam noem in Rom.1:1; 15:16; 1 Kor.4:15; 15:1; 2 Kor.10:14; Gal.1:6,7; Fil.1:27; 1 Thess.2:8.

Reeds in die begin het die optekening van Jesus se leer en lewe in boekvorm ook die naam *evangelie* ontvang. Die kerk besit sulke skriftelike optekeninge in viervoudige vorm. Al vier het egter, getrou aan die oorspronklike betekenis van die woord in die Septuagint, net één doel: die verkondiging dat Jesus die beloofde Messias van God is wat die wêreld verlos van sonde en dood en dit plaas onder die heerkappy van God. Daarom is die boodskap van die vier Evangelies, hoewel deur verskillende persone op verskillende plekke onder verskillende omstandighede geskryf, in wese dieselfde.

As 'n mens hulle deurlees, val dit dadelik op in watter mate die eerste drie in vorm, volgorde van vertelling en woordkeuse op mekaar lyk en juis in hierdie drie opsigte van die vierde verskil. Johannes verhaal baie geskiedenisse en predikinge wat deur die eerste drie Evangelies nie vermeld word nie: die nagtelike besoek van Nikodemus; die bruilof in Kana in Galiléa; die gesprek met die Samaritaanse vrou; die opwekking van Lasarus; die hoëpriesterlike gebed; die vergelykinge van die Goeie Herder en van die ware Wynstok....

Maar omgekeerd teken Johannes nie soos Matteüs en Lukas 'n geslagsregister en jeuggeskiedenis van Jesus op nie. Dis ook net die eerste drie Evangelies wat met soveel woorde die instelling van die Heilige Avondmaal verhaal. Calvyn het opgemerk dat die eerste drie Evangelies en volgorde van vertelling soveel ooreenkom dat hy hulle as 'n geharmonieerde eenheid in sy kommentaar op die Nuwe Testament kon behandel. Weens hierdie ooreenkomste is dit maklik om 'n oorsig in parallelle kolomme van die drie op te stel. So 'n oorsig heet in Grieks "synopsis" en geleerdes noem na

aanleiding daarvan die eerste drie Evangelies met die versamelnaam "sinoptiese Evangelies" of ook die "Synoptici" ter onderskeiding van die Evangelie volgens Johannes...

Ondanks die ooreenkomste lewer die Evangelies oorvloedige bewys van selfstandige opstelling. Dit val al aan die begin van hul onderskeie beskrywings op... Op hierdie wyse vul die vier Evanglies mekaar op 'n merkwaardige wyse aan om uit verskillende gesigspunte en met verskillende herinneringe 'n beeld te gee van die Here se prediking in woorde en dade (Uittreksel uit *Bybel met verklarende aantekeninge,* Deel III, 1959:1,2*).*

**Opmerking**

Dit is opmerklik dat prof. Geyser die vier Evangelies as selfstandige getuienisse erken. Die vier getuienisse onderskryf dus die waarheid daarvan (o.a. Num 19:15). Tekskritici daarenteen tel die Textus Receptis manuskrip as een getuienis terwyl die kritiese manuskripte juis om hul verskille as onafhanklike getuienisse elkeen 'n stem toegeken word. Strydig met die bybelse norm dat getuienisse moet ooreenstem om as betroubare getuienisse te dien (Deut.19:15; Joh.8:17). Dit ondanks die feit dat die twee belangrikste skrifkritiese tekste, nl. die Sinaïticus en die Vaticanus - net in die Nuwe Testamentiese Evangelies - alleen op meer as drieduisend plekke van mekaar verskil soos die getuies teen die Here Jesus voor die Joodse Raad (Mark 14:56,59). Die bybelse norm van betroubaarheid word dus verwerp deur die opstellers van die 'mees betroubare manuskripte' vir die gebruikte grondteks wat vir bybelvertalings in Afrikaans gebruik is. Die nuwe vertalings ná 1953 steun dus almal op 'n leuenagtige grondteks.

* * * * * * * *

# Wat is sarkopenia ?

Mense oor 40 moet dit lees.

Wat is die biologiese verskynsel (sarcopenis) wat by mense voorkom as hulle oud word?

Sarkopenia is die verlies van spiermassa en skeletsterkte as gevolg van veroudering. Dit is dus 'n natuurlike verskynsel al is die begin en intensiteit daarvan by verskillende ouderdomme nie dieselfde nie. In 'n sekere mate kan dit vertraag word.

1. Maak 'n gewoonte daarvan om te staan... moenie net sit nie! En as as jy kan sit, moenie lê nie!
2. As 'n bejaarde persoon siek word en in die hospitaal opgeneem word:
    * moet hom nie vra om meer te rus nie,
    * of om te lê en te rus nie;
    * en/of nie uit die bed uit op te staan nie.
3. Om vir ten minste 'n week te lê, beteken 'n 5% agteruitgang van die spiermassa.
4. Sarkopenia is erger as osteoperose! Met osteoperose, moet jy net versigtig wees om nie te val nie, terwyl met sarkopenia nie alleen die kwaliteit van lewe beïnvloed word nie, maar dit verooraak ook verhoogde bloedsuiker a.g.v. die verminderde spiermassa!
5. Die vinnigste spieratrofie vind in die beenspiere plaas, vandaar die bene wat al dunner word. Wanneer 'n persoon sit of lê, beweeg die bene nie en die sterkte/krag van die beenspiere verminder. Dit is veral belangrik!
    * Jy moet op die uitkyk wees vir sarkopedia!

♦ Om by die trappe op en af te gaan...te draf en te fiets is goeie oefeninge en kan die beenspier-massa vermeerder of in stand hou!

♦ Met toenemende ouderdom kom daaglikse veroudering: jou voete moet altyd aktief en sterk bly.
As jy vir 2 weke nie jou bene roer of beweeg nie, sal die krag in jou bene met 10 jaar afneem.
Daarom is oefening soos stap baie belangrik. Dis nie 'n belediging om 'n kierie te moet gebruik nie.
Bene is die pilare wat die gewig van die liggaam ondersteun. (Pred 12:3 "sterk manne")
Interessant: 50% van die totale gebeente sowel as 50% van ons totale spiermassa is in die bene.

♦ 70% van die mens se aktiwiteite en energie-verbranding vind in die been-en voetspiere plaas..
Die voet is die sentrum van die liggaamsbeweging.
Albei bene saam bevat 50% van die senuwees van die menslike liggaam, 50% van die bloedvate en 50% van die bloed van die totale bloedvloei.
Die grootste en sterkste gewrigte is in die bene en voete – heup, knie, enkel.
Veroudering begin van die voete opwaarts.

♦ Stap daagliks vir ten minste 30 tot 40 minute om seker te maak dat jou beenspiere genoeg oefening kry en gesond bly.

**Die werklike helde van die openbare gesondheid**

Die werklike helde van die openbare gesondheid van die 20ste eeu is nie die mediese beroep nie, maar die ingeneurs: Hulle hanteer behandeling van rioolafval, yskaste, en water suiwerings (Dr Edward H Kass, Aansteeklike Siektes Vereniging van Amerika).

**Grepe uit die kerkgeskiedenis**

# Geref.Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

## Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

## Afskeiding van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

### Oorsig (vervolg)

#### Die Kerke verenig

Hoewel die Gereformeerde Kerk onder die Kruis kort ná sy stigting in 1897 'n versoek tot die kuratore van die Gereformeerde Teologiese Skool gerig het om die verhouding tussen dié Kerk en die Gereformeerde Kerk in SA te bepaal, en verder direk met die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie in verbinding getree het, was dit eers in 1910 dat die saak van die Kerke onder die Kruis die aandag van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geniet het. Op daardie Sinode het die brief gedien wat die eerste Algemene Vergadering van die Kerke onder die Kruis in Februarie 1910 aan die Gereformeerde Kerk gerig het. Die Sinode kon dus kennis maak met twee dokumente van die Kruiskerke, naamlik die brief en 'n afskrif van die Kerkorde wat op daardie Algemene Vergadering aanvaar is (Oberholster, 1956:291).

#### a. Die brief van die Algemene Vergadering aan die Geref. Kerk in Suid-Afrika:

"Die afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika, in Algemene Kerkvergadering byeen op Strydenburg, aan die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – mag genade en vrede aan u vermenigvuldig word. Geliefde broeders, Ter ere van ons geseënde en enigste hoof, Jesus Christus, kan ons u berig dat ons ons onderling verenig het, volgens bygaande Kerkorde. Met dankbaarheid het ons op ons eerste Algemene Vergadering kennis geneem van die broederlike wyse waarop die stigting van die eerste Gereformeerde Kerk onder die Kruis op Strydenburg deur die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie begroet is, blykens art. 46 van die Vergadering in Januarie 1898, asmede van die hulp wat ons tot dusver gebied is deur sommige leraars van u Kerk. In die wens om hierdie broederband te versterk en verder te reël, het ons van ons kant 'n kommissie benoem met ons konsulent as saamroeper en verder bestaande uit die broeders P.J. Badenhorst, van Strydenburg (K.K.), H.C. Engelbrecht van Hoopstad (O.R.K.) en C.J. Taljaard van Standerton, Transvaal. Verder moet ons u nog berig dat ons as korresponderende kerkraad benoem het die kerkraad van Strydenburg, met ons konsulent, ds. S.J. du Toit." Die skrywe is onderteken deur al die afgevaardigdes saam met die konsulent en was gedateer 22 Februarie 1910.

#### b. Die Kerkorde van die Kerke onder die Kruis.

**Art. 1**. Die grondslag van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis is wat die leer betref, God se onfeilbare Woord as enigste en algenoegsame heilsopenbaring van God en kenbron van die waarheid, en in ooreenstemming daarmee die drie Formuliere van Eenheid, soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht (1618/'19), en wat kerkbestuur betref op die Dordtse Kerkorde vir sover dit nog van toepassing is onder ons gewysigde omstandighede.

**Art. 2**. Die naam van die Kerke. Die naam ontleen hulle aan die "Kerk of gemeentes onder die Kruis" deur gemelde Nasionale Sinode van Dordrecht erken in artt. 4 en 7 van die Dordtse Kerkorde, omdat hulle op dergelike wyse ontstaan het en bestaan.

**Art. 3**. Die Kerk verklaar hom bereid tot broederlike verhouding en samewerking met ander Protestantse kerke wat in leer en kerkbestuur op dieselfde beginsels gegrond is.

**Art. 4**. Christus word gehou vir die enigste Hoof van sy gemeente, wat die gemeente deur Sy Woord en Gees regeer, en die kerkraad vir die enigste kerkbestuur deur Christus en die Apostels ingestel, en verder erken hy geen hoër wetgewende of heerskappyvoerende gesag tussen Christus as die

Hoof en sy gemeente nie (Kerkorde van Dordt., art. 84) en verwerp dus alle menslike gesag of kerkwette wat nie op God se Woord gegrond is nie, volgens art. 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

**Art. 5**. Op grond van God se Woord en die Dordtse Kerkorde erken hy egter "Kerklike Samekomste" en wel 'n Algemene Kerkvergadering wat om die drie jaar gehou word dog met geen gebiedende of wetgewende gesag nie maar slegs met 'n dienende, voorligtende en hoogstens met 'n leerbepalende mag.

**Art. 6.** Op die voorskrif van Christus, sy enigste Hoof, en op die voorbeeld van die Apostels verwerp hy alle koophandeldrywery in die gemeente van Christus en bedien alle genademiddels sonder prys en sonder geld. Geen andere as vrye liefdegawes van die gemeente word in ontvangs geneem nie.

**Art. 7**. Met die oog op die toenemende afval in die verwêreldlikte Christendom en lettende op die ernstige tekens van die tye wat die naderende koms van Christus aankondig, ag hy die beoefening van die onvervulde profesieë 'n gebiedende plig vir die tyd waarin ons lewe, sowel in onderlinge byeenkomste as in die openbare prediking van die Woord.

Met hierdie twee stukke op die sinodale tafel kon die Sinode dus direk 'n duidelike beeld van die doel en strewe van die Kerkgroep verkry en dit ook in daardie lig bespreek. Blykens die notule van die vergadering is ná bespreking van die saak besluit om 'n kommissie te benoem ter kennismaking en om op die eersvolgende Sinode te rapporteer. Dit is hierdie kommissie wat vermeld is deur die kommissie vir bediening van die Kerke onder die Kruis op hulle Algemene Vergadering op Strydenburg in Desember 1911 en met wie onderhandel is insake die geestelike bearbeiding van hierdie Kerke. En volgens aanbeveling van hierdie Sinodale deputaatskap, moes die Kerke onder die Kruis hulle intussen tog maar weer wend tot die kerkrade vir hulpdienste deur die predikante van die Gereformeerde Kerk. Hulle het egter nie net met die Kerkrade in verbinding getree nie, maar ook met die Algemene Vergaderings. En blykens die besluite wat op die Vergaderings geneem is, moes hulle hulp aanvra by die Kerkrade van die Gereformeerde Kerke.

**Kerke onder die Kruis vergader weer op 6 Jan.1913 op Strydenburg** om sake van opname in die Geref. Kerke in Suid-Afrika te bespreek. Ds H. Pasch van die Geref. Kerk is deur Lindley verkies om hulle te verteenwoordig. Daarteen is beswaar aangeteken en dis toe veiliger geag "dat ds Pasch niet as afgevaardigde zou zitting nemen". Op hierdie vergadering het Lindley en Frankford te kenne gegee dat hulle alreeds besluit het om by die Geref. Kerk aan te sluit wat ook 3 maande later gebeur het. (Oberholster, 1956:295).

Van die kant van die Geref. Kerk is ook sterk aangedring op vereeniging, omdat soos ds M Postma dit gestel het: "dat waar eenheid volkomen is, het sonde wordt gescheid te leven: (Oberholster, 1956:295).

**Diegene wat beswaar teen die vereeniging gehad het die die volgende redes genoem:**

"a) Dat gesange nie in die Geref Kerk gesing word nie;
b) Gewetensbeswaar teen die betaling van doop- en en aanneming by die Gerefeformeerde kerk in gebruik is;
c) Die "profetiese woord" word nie in die Gereformeerde Kerk betrag "zoals nodig in ons tijd" is nie;
d) Die Gereformeerde Kerk het nie die "rebellie" gedurende die Anglo-Boere-oorlog bestraf nie" (Oberholster, 1956:296).

Hierop het ds Posma geantwoord: Wat betref die gesange dat die Geref.Kerk hom hou by die Sinode van Dordrecht 1618-1619. Wat die betaling van doopgelde betref is hulle besig om dit af te skaf. In verband met die "Profetiese woord" bestaan die gevaar dat te ver gegaan sal word. Ds Du Toit het 'n spesiale roeping daaromtrent gehad. Wat die "rebellie betref het ds Pasch geantwoord: "Acht iemand de instromende machten republikeinse legers, dan mocht hij zich aansluiten; acht hij ze als roversbede, dan kon hij niet aansluiten"

Sommige was nie tevrede met die verduideliking van die saak van o.a. die rebellie nie.

Die vergadering is onbeslis uitmekaar. Net Lindley en Frankfort het by hulle besluit gebly.

**Wat betref die punt oor die beswaar oor die "rebellie"**

As die Kuiskerke se lidmate beter geweet het, sou hulle besef het dat die "roversbenden" die Engelse was wat die die rykdomme van die goud en diamante vir hulleself wou hê en dat hierdie "roversbende" gekom het om te moor en te roof wat nie aan hulle behoort het nie. Die beswaardes het nie besef waardeur die Gereformeerdes in die Transvaal en Vrystaat gegaan het nie, en teen watter drakoniese magte hulle te staan gekom het nie. Die "rebelle" het dit besef en hulle broeders in verdrukking gaan help waarvoor hulle, as hulle gevang is, deur die Engelse geskiet, vermoor en rebelle genoem is. Die Engelse se aandeel in hierdie oorlog teen die Boere Republieke sal onder die "Scouts"kerke bespreek word. (volgende keer verder)

* * * * * * * * *

# Wandel waardig julle roeping

1 Thes.2:12: "... dat julle waardiglik moet wandel voor God wat julle tot Sy koninkryk en heerlikheid roep."

*Dat julle moet wandel.* In 'n paar woorde vat Paulus die inhoud en kern van sy aanmaning saam, dat, in die verheerliking van God se genade, hy hulle vermaan om nie hulle roeping na te laat nie. Sy aanbeveling van die genade van God word in die uitdrukking *wat julle tot Sy koninkryk en heerlikheid roep,* saamgevat. Want ons saligheid is gegrond op God se genadige aanneming, elke seëning wat Christus ons gebring het, is in hierdie term ingesluit. Wat nou oorbly, is om te antwoord op God se roepstem, dit is, dat ons wys dat ons sulke kinders van Hom is as wat Hy 'n Vader vir ons is. Want hy wat anders lewe as wat dit 'n kind van God betaam, verdien om van God se huisgesin afgesny te word.

(Calvyn, *Commentary on the First Epistle to the Thessalonians,* deel XXI. p.256).

# Het u die volgende van Afrikaans geweet?

* Uit 7000 tale ter wêreld is Afrikaans die 140ste grootste taal;
* In die Noord Kaap praat 53.8% huishoudings Afrikaans (en net 3.4% Engels);
* Afrikaans is een van net 5 tale ter wêreld wat dit kon regkry om in die 20ste eeu tot 'n hoë akademiese vlak as taal te ontwikkel;
* Afrikaans het sowat 6.8 miljoen sprekers en is die 3de grootste taal in Suid-Afrika;
* In die wêreld is daar sowat 24 miljoen mense wat Afrikaana kan verstaan
* **Afrikaanssprekendes het die wonderlike gawe ontvang om die Ware Woord van God in die 1933/53 Bybel in Afrikaans te kan koester.**
* **Die 1933/53 Bybel het ook 'n groot invloed op die standaardisering van die Afrikaanse taal en opheffing van die volk gehad.**

Gegewe hierdie statistiek is dit sekerlik nie vir ons nodig om vir ons taal, wat die Here ons gegee het, skaam te wees nie, en skielik na Engels oor te slaan of Engelse woorde tussenin in die plek van goeie Afrikaanse woorde te gebruik om deftig te probeer wees. Ons moet ons taal, Afrikaans, suiwer probeer hou en dit nie met Engelse woorde deurspek nie. In hierdie Afrikaanse taal kan ons tot die Here bid en Hom in al ons woorde eer en Hom in psalmgesang loof en prys.

# Calvyn se invloed op Gereformeerde Kerke In Suid-Afrika

Calvyn se invloed as teoloog (óók deur sy leerstellinge) op die Afrikaanse Susterkerke se drie Belydenisskrifte (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls), op ons stelsels van kerkregering, op die manier waarop ons ons erediens inrig, op die patroon en melodieë van ons kerksang, op die vorm en inhoud van ons preke, op ons gebede en formuliere gee aan al hierdie fasette van die gereformeerde kerklike lewe in Suid-Afrika 'n onmiskenbare Calvinistiese stempel. In byna elke kerklike handeling, soos in ons erediens, huisbesoek, huisgodsdiens, kerkraadsvergaderings, ensovoorts, sit daar iets van Calvyn wat opnuut God se Woord ontdek het as die enigste norm vir ons geloof en lewe, en wat van uit God se Woord alle lewensuitinge wou inrig tot eer van die soewereine God. Hierdeur het Calvyn ook die Afrikaner se denke beïnvloed en sy kultuur gestempel.